


# 40 Jaar van Lig

## 1969 – 2009

## 10 Nasionale Voorsitters

# Jan Kasselman



- Jan Kasselman (oom Kassie) is by die stigtingsvergadering te Murraypark, Springs, tot voorsitter verkies.
- Sy kerse was deur die vrou van 'n baanbreker, tannie Maria van Niekerk, aangesteek.
- Hy beklee die amp vir twee jaar vanaf Oktober 1969
- Dit is hy wat SAWA se naam voorgestel het
- Hy is die eerste Ere President vanaf 1973 tot 1975
- Hy was baie lief vir buitelewe en kamp totdat hulle 73 jaar oud was
- Hy tree in Durbanville af
- Hy is op 88 jarige ouderdom oorlede

# Kobus Vorster



- Kobus was vir vier jaar voorsitter vanaf die Nasionale Algemene Jaarvergadering  in 1971.
- Sy kerse was aangesteek deur Choert Maartens, 'n vorige president.
- Oom Kobus het die eerste grondwet opgestel wat reeds op die stigtingsvergadering aanvaar is.
- Sy aangenaamste herinneringe aan SAWA is die lewenslange vriende wat hy gemaak het en dat sy kinders in 'n geborge omgewing by die kampe kon speel en dit geniet.
- Hy was later vir ses jaar Ere President

# Willem du Plessis




- Willem du Plessis was vyf jaar voorsitter vanaf die NAJV op 29 Augustus 1975.
- Sy kerse was aangesteek deur Willem Gerber wat die sekretaris in oom Willem se tyd was.
- In Willem du Plessis se tyd is die NAJV is met 'n kongres vervang wat die eerste keer op 19 November 1977 op Kroonstad gehou is.
- Daar is ook  'n nuwe sleepvoertuig en woonwa as prys in 'n kompetisie aangebied,
- 'n Resepteboek is verkoop en 'n woonwa-jaarboek is gepubliseer.
- Die ledetal het gedurende die vier jaar van hierdie fase (1976 tot 1980) meer as verdubbel. Hy het ook 'n reeks lesings oor werwing opgestel.

# Chris Pienaar



- Chris Pienaar was vier jaar voorsitter vanaf 15 November 1980 en sy kerse was deur sy seun Chris, self 'n Sawanant, aangesteek.
- Chris Pienaar was die man met die sagte stem, maar 'n man wat standpunt kon inneem.
- Oom Chris het groot moontlikhede vir SAWA gesien en sommer met die intrapslag 1981 as Uitbreidingsjaar verklaar.
- Sy manier om met mense te werk en erkenning te gee wanneer dit verdien word, was prysenswaardig.
- Hy was 'n man wat meer geluister het as wat hy gepraat het, maar wanneer hy gepraat het kon jy luister en aanvaar. Hy het die vermoë gehad om, wanneer 'n krisis ontstaan en almal opgewonde raak, die saak op 'n bedaarde en rustige manier op te los.

# Jurie Groenewald



- Jurie Groenewald was vir 'n bietjie meer as twee jaar voorsitter vanaf 17 November 1984.  Sy kerse was deur sy vrou, Retha, aangesteek.
- Jurie was 'n ervare administrateur wat SAWA se sake goed kon hanteer.
- Weens die bedanking van die administratiewe sekretaresse is Jurie gevra om ook die sekretariaat vir ongeveer ses maande te hanteer.
- Ongelukkig moes Jurie weens persoonlike redes vroeg in 1987 bedank en daardeur het SAWA 'n baie bekwame voorsitter verloor.

# Eddie Leach




- Eddie Leach het in Mei 1987 voorsitter geword het.  Sy kerse was deur sy vrou Lettie aangesteek.
- Ons onthou hom as die sagmoedige reus met 'n klein hartjie wat tydens Presidente-saamtrekke agter die pannekoektafels met die pan in die hand en so met die bakkery saam, sy sterk sangstem laat hoor het. Dan het almal saamgesing. Hy het ook gereeld die sang by boekevat ingesit.
- Oom Eddie was 'n mens wat tyd gehad het vir oud en jonk.  Hy was vir menige SAWA-lede 'n ikoon. Hy het 'n waardige beeld uitgestraal en respek ingeboesem waar hy ook al gekom het.
- Tydens besluitneming oor 'n saak het Eddie altyd op sy kenmerkende manier teruggesit in sy stoel, die lug ingekyk en dan na 'n paar oomblikke sy saak gestel.
- Eddie en Lettie is die enigste egpaar wat in 1998 saam as Sawanant en Sawavrou van die jaar aangewys is.

# Nico Spaumer



- Ons is bevoorreg om Nico Spaumer nog in ons midde te hê. Toe hy op 19 November 1988 sy sesjaartermyn as voorsitter begin was hy vol ywer en entoesiasme en boonop nog jonk ook.
- Gedurende Nico se termyn is die gebiedsbesture gevestig. Die SAWA-kantoor was lank in sy huis gevestig toe sy vrou, Sarie, die administratiewe beampte was.
- Hy het 'n "oopdeur" beleid gehad en was dit 'n plesier om met hom saam te werk.
- Nico was 'n man wat baie goed na Sawa se geldsake gekyk het.  Hy sou nooit toelaat dat geld gebruik as dit nie noodsaaklik was nie.
- Dit is duidelik dat Nico Spaumer SAWA se belange ernstig op die hart gedra het. Hy het geglo dat 'n mens self nie groter as SAWA moet wees nie.

# Christo van der Merwe



- Ons is bevoorreg om ook Christo van der Merwe in ons midde te hê. Hy was vanaf 18 November 1995 die laaste vyf jaar van die vorige eeu die voorsitter.
- Christo sien sy plig teenoor SAWA as 'n "algehele en onpartydige lojaliteit aan SAWA".
- Hy is 'n mens wat lief is vir die natuur, sy gesin en 'n heerlike ontspanne naweek in sy woonwa. As dit in die Wildtuin is, soveel te beter.
- Christo is 'n goeie organiseerder. Hy is 'n man wat dinge volgens die boek gedoen het en hy het verskeie handleidings die lig laat sien. Sy grootste enkele bydrae was seker die visie wat hy geopenbaar het deur prof Thys van Zyl te nader om SAWA se geskiedenis van die eerste dertig jaar in boekvorm op te teken.
- Gedurende sy termyn het die Republiek van Suid-Afrika drastiese politieke ontwikkelinge beleef. SAWA het gelukkig van die begin af politiek uit sy organisasie geweer en ongedeerd by die nuwe orde aangepas.

# Frank Jacobs



- Frank Jacobs kan ongelukkig nie vanaand hier wees nie omdat hy in Oos-Londen is. Sy kerse was deur Alex Blaeser, mede-dagbestuurslid, aangesteek.
- Frank het op 9 Oktober 1999 voorsitter geword toe SAWA sy dertigste bestaansjaar gevier het en SAWA die 21ste eeu binne gelei.
- Hy was vol ywer en entoesiasme om SAWA as leier in die woonwabedryf te vestig. SAWA moes nie net gesien word as 'n vereniging wat saamtrekke en toere reël nie, maar wel as 'n organisasie met 'n missie.
- Frank het 'n groot rol gespeel in die opgradering van die Administratiewe kantoor se rekenaarstelsel en die prosessering van inligting.
- In Maart 2000 het die eerste nasionale nuusbrief (SAWANANT) in ‘n nuwe formaat verskyn. In die tydperk 1999 tot 2006 is veral gekonsentreer op uitbreiding op die platteland.
- Die eerste SAWA-fietsfees is tydens die Paasnaweek in 2002 by die Presidente-saamtrek op Potchefstroom gehou. Daarna is daar nog ses agtereenvolgende jare met hierdie grootse projek voortgegaan.
- Die webwerf www.sawa.org.za is in 2005 geloods
- Die eerste Noordelike Presidente het in Maart 2005 by die Eiland-vakansieoord naby Letsitele plaasgevind.
- Die hersiene sangbundel is by die kongres in 2006 vrygestel.

# Jurie Dreyer



- Die dienende voorsitter is Jurie Dreyer.  Hy het in Oktober 2006 voorsitter geword is nou reeds drie jaar SAWA se nasionale leier.
- Hy het van die begin af klem gelê op oop verhoudings en 'n deelnemende bestuurstyl. Hy het beklemtoon dat mense positief en inklusief moet wees wanneer dit by ledewerwing kom.
- Hy lê veral klem op die belangrikheid van kommunikasie. Daar is ook 'n unieke versekeringskema vir SAWA-woonwaens bekendgestel.
- Feesembleme (ontwerp deur Helmut Lubbert) is beskikbaar gestel met "veertig jaar van lekker kamp" (geskep deur Wilhelm Lombard) as slagspreuk.
- Op 17 Junie 2008 het 'n indaba van rolspelers in die kamperingsbedryf in Kempton Park plaasgevind.
- Op 18 Oktober 2008 vind 'n nasionale sleepkompetisie by Koppisol naby Vereeniging plaas.
- Daar is besluit om die 100-Plus saamtrekke te desentraliseer sodat daar elke jaar saamtrekke in die Wes-Kaap, Oos-Kaap, Vrystaat en noordelike provinsies sal wees.
- 'n Opgekikkerde weergawe van die webwerf www.sawa.org.za met die oog op die feesjaar is tydens die kongres in 2008 bekendgestel.
- Daar verskyn tydens die feesjaar 2009 drie gedenkuitgawes van die nasionale nuusbrief, SAWANANT. Daar is by vier geleenthede gesprekke gevoer met vroeë SAWA-lede wat deelgeneem het aan 'n klankopname waar hulle oor interessanthede en belewinge in die eerste 40 jaar van SAWA se bestaan gepraat het.
- Daar is gedurende die Paasnaweek se Presidente-saamtrek 'n baie geslaagde kaskarfees gehou. Dit het in die plek van die vlugbal plaasgevind en is die opvolger van die fietsfeeste wat aanvanklik ook by die geleentheid plaasgevind het. Feitlik al die gebiede en baie streke het SAWA se veertigjarige bestaansjaar gevier.